GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Maart 2020 - Jaargang 17 Uitgawe 2

Werksgeleenthede vir almal

- Gerrit van Niekerk

Die doel van die Bereik Bediening is om mense te bereik om deel van die Koninkryk van God te word. Die mense wat bereik moet word is in ons gemeenskap, Pretoria, Suid-Afrika en die wêreld.

Dit doen ons deur bewusmaking van die gemeente en Bereik projekte.

Bewusmaking van die gemeente word gedoen deur die Gebedsvoorlesings wat in samewerking met die Verheerlik Bediening gedoen word, gereelde berigte in die Goeie Nuus en ook opleiding van gemeentelede wat ds Niekie in die verlede na die erediens gedoen het. Ons beplan om dit weer in die toekoms te doen.

Die Naaldwerkklasse vir huishulpe dien benewens die opleiding om naaldwerk te doen, die geleentheid om evangelisasie en dissipelskap opleiding te doen.

Op die jongste vergadering van die bediening het ons besluit om die Koop-'n-Bybel-Skenk-'n-Bybel projek 'n nuwe, eenvoudiger naam te gee: **Gee-vir-Bybels**. Die doel van die Gee-vir-Bybels projek is om die verspreiding van Bybels aan mense wat dit moeilik kan bekostig, te bevorder. Dit word gedoen deur Bybels teen afslag te verkoop aan pendelaars by die Leseding Bybelkiosk in Watermeyerstraat en teen normale prys te verkoop by die kerkkantoor aan mense wat dit wil uitdeel. Die afslag word gefinansier deur vrywillige skenkings van gemeentelede en die verkoop van afval papier wat in die houer by die parkeerterrein geplaas word. Twee gratis Bybels word ook elke Sondag beskikbaar gestel en daarvoor word bydraes deur Kerkraadslede gebruik.

By die Wilgers Aftreeoord doen 'n evangelis evangelisasie van die werkers.

Petro Lemmer is betrokke by evangelisasie in die plakkerskampe by Donkerhoek en Pienaarspoort. Verlede jaar is die Jesus-film met gepaardgaande evangelisasie vertoon.

Ons ondersteun die Pennies kleuterskool in die middestad deur geld en hulp. Die skool bedien minder-bevoorregte kinders en leer hulle ook van die liefde van Jesus.

Drie projekte wat ten doel het om wêreldwyd die evangelie te bring is FEBA Radio, Geopende Deure en Kingdom Global. Die eerste twee word finansieel gesteun en al drie met meelewing en gebed. FEBA Radio versprei die Boodskap deur die radio, dikwels gerig op moeilik bereikbare gebiede. Geopende Deure fokus veral op die vervolgde kerk. Kingdom Global is werksaam in Suid-Afrika, Afrika, Indië, Pakistan, Rusland en lande van die toenmalige USSR.

Dit is belangrik om te weet dat die werk van die bediening nie slegs deur die lede van die bediening gedoen word of behoort gedoen te word nie. Ons nooi die gemeente uit om deel van die bediening te word deur gebed en deelname. Skakel my by **gerritvn1945@gmail.com** of **073 689 1370** per foon, SMS of WhatsApp.

Geopende Deure en lande waar Christene teenstand ervaar om vir Jesus te dien

Geopende Deure (in Engels "Open Doors") is 'n organisasie gebaseer in 25 lande regoor die wêreld, onder andere in Suid-Afrika. Daar word gereeld lande op hulle webblad gepubliseer waarvoor Christene kan bid (https://www.opendoors.org.za/). Geopende Deure se hoofdoel is om vervolgde Christene dwarsoor die wêreld te ondersteun.

Die belangrikste maniere waarop Christene ondersteuning kry is:

- Bybelverspreiding
- Bybel skoling
- Praktiese ondersteuning van Christene
- Voorbidding
- Voorspraak en regshulp (Engels "advocacy").

Lees meer oor hierdie doelstellings op hulle webblad: **https://www.opendoors.org/**

Vervolging word deur Geopende Deure gedefinieer as: "Enige vyandigheid wat as gevolg van iemand se identifikasie met Christus ervaar word. Dit sluit in vyandige houdings, woorde en aksies teen Christene". Geopende Deure publiseer jaarliks 'n lys van die 50 mees vervolgde lande ter wêreld. Hierdie lys is op verskeie kriteria gebaseer, onder andere deur te bepaal hoe Christene se lewens en getuienis onder druk geplaas word op vyf spesifieke gebiede van hul lewens: Hul privaat-, familie-, gemeenskap-, nasionale en kerklewe. Die houding van die regering van 'n land teenoor Christene speel ook 'n belangrike rol. Die vervolgde lande word verdeel in die volgende kategorieë:

- Uiterste vervolging
- Baie hoë vervolging en
- Hoë vervolging.

Die lys is beskikbaar op hulle webblad en ook op die Suid-Afrikaanse blad hierbo gelys, wat ook in Afrikaans gelees kan word!

Mense kan inteken via hulle webblad en gereeld 'n nuusbrief met versoeke vir voorbiding in hulle e-pos kry. Ondersteun asseblief hierdie uiters belangrike inisiatief en help bid vir vervolgde Christene van regoor die wêreld!

So kan jy ook elke maand 'n gebedskalender aflaai:

Gaan na: https://www.opendoors.org.za/afr/raak-betrokke/

Onderaan die bladsy wat opkom klik op: Laai die (maand se naam) Gebedskalender af.

Daar is ook 'n gebedspunt vir die dag op die bladsy.

Gebed van 'n lidmaat – Magda Pelser

In Jesus liefde gegroet elkeen wat hier lees!

My gebed is dat ons Hemelse Vader elkeen van ons help en versterk om die Vrug van die Gees wat Hy as riglyn heel aan die begin vir ons gegee het, om 'n vreedsame en vrugbare lewe te lei! **Liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, verdraagsaamheid, goedheid, gasvryheid, geduld, nederigheid, en self-beheersing.** Dink net hoe die hele wêreld sal verander as elkeen van ons hierdie voorskrif van God begin uitleef, al is dit deur net met een te begin, want wonderbaarlik lei die een na die ander en dink net hoe dit ons Hemelse Vader sal behaag om sy kinders aan so 'n poging te sien werk. Veel meer as ons self soveel voordeel trek want **God is getrou en regverdig en kom altyd sy beloftes na.**

As jy iemand oorsee ken, die boodskap in 'n ander taal kan aanstuur, ek bid spesiaal vir jou want my gebed is dat hierdie boodskap en poging baie wyd kan versprei sodat die stukkende wêreld weer kan heel word!

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies /versekering.
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Boeke te koop
Versamelde werke van CJ Langenhoven, 15 boeke (R1 500).
Duitse taalkursus, 40 lesse op 4 plate (R100)
Kontak **E Fourie (072 040 0547)**

Vrouebediening - Rensché Smit

Oor die jare het ons Vrouebediening lede bygekry, sommiges het "afgetree" ander is "silent" engele wat van die kantlyne af 'n hand bysit. Kom ek stel ons voor, ek, is Rensché Smit, die voorsitter. My twee vlerke is *Loïs Geldenhuys* (ondervoorsitter) en *Anet Lübbert* (sekretaresse). My vriendinne wat altyd raakvat is *Leria Delport, Correlie van der Hout, Anita van Vuuren, Annali Botha, Ansie Smit, Beryl de Coning (Admin hulp), Christa Le Roux, Elize Deale, Franci van Veijeren, Gina Saayman, Helene Viljoen, Hermien Liebenberg, Ina Mullins, Margaret Koekemoer, Minnie Haasbroek, Nicoline Heyns, Ria Barnardo, Rothea Lourens, Susanne Smit en Tersia Petzer.* Saam is ons doel om die gemeenskap te dien en ons Abba Vader te verheerlik.

Die Vrouebedienning beplan hierdie jaar 'n baie opwindende program vir die gemeente en wil ons graag almal betrek.

Heel eerste, en waaroor ons baie opgewonde is, is Mathys Roets se besoek aan ons op 7 Maart. Sy vertoning se tema is **"voeg lewe by jou dae en nie dae by jou lewe nie".** Dit is nogal iets om aan te dink in vandag se harwar-lewenstyl! Sy vertoning begin **09:00 vir 09:30** in die saal en oudergewoonte maak ons vir julle 'n lekker knibbelpakkie om te geniet tydens die vertoning. Ons sê baie dankie vir ons borg wat ons harte sien en die gaatjie gevul het waar ons tekortgekom het.

Sodra die afskopfunksie gaan lê het, begin ons dadelik weer beplan aan ons midjaar-funksie. Hier wil ons almal opbeur, beter laat voel oor die middel van die winter, middel van die jaar, middel van die moedeloos. Kyk uit vir aankondigings. Ons funksie gaan jou weer woema gee om die jaar voluit klaar te maak en terselfdertyd die Here se naam verheerlik.

Sou jy graag betrokke wil raak by ons Vrouebedienning, kan jy my kontak **(074 588 9588)** vir meer inligting. Ook, as jy 'n idee het vir funksies in die toekoms sal ons bly wees om kommentaar en voorstelle van die gemeente aan te hoor. Ons is tóg hier vir julle!!

'n Geseënde kwartaal en ons sien julle almal op 7 Maart by die Mathys Roets se vertoning.

Wêreldbiddag - Hermien Liebenberg

Vanjaar vier ons gemeente "Wêreldbiddag" op **19 April 2020**. Die Wêreldbiddae vir Vroue en Mans val gewoonlik op die eerste Vrydag en Saterdag van Maart. Weens die Lydenstyd-preekreeks in ons gemeente, stel ons die viering van die twee dae uit tot **Sondag, 19 April.** Ons hou egter by die tema van die dag, *"Staan op! Neem jou slaapmat en loop".* Die tema is vanjaar deur Christene in Zimbabwe saamgestel. **Ds Karin Steyn,** 'n vorige jeugwerker van ons gemeente, gaan die tema in ons gemeente aanbied. Ons vier dié dag dan ook as 'n *biddag vir mans, vroue en kinders*, en glo dat ons gebede, saam met die van duisende ander

Christene, Openbaring se goue bak vol wierook - die gebede van die gelowiges - sal vul.

Fasiliteringsproses

Ons hou graag die gemeente op hoogte met die vordering van die proses. Daar is reeds by die eredienste vorms uitgedeel waarop lidmate op 'n paar vrae kon antwoord, want ons wil ook hoor wat die gemeente sê. 'n Bestuurspan is aangewys om al die antwoorde op die vorms te lys en te groepeer sodat ons 'n idee kry waaroor stem lidmate die meeste saam. Al die antwoorde word na die byeenkoms van Saterdag 14 Maart geneem waar dit deel sal vorm van die bespreking en beplanning wanneer die gemeente saam gesels oor die pad vorentoe. Die bestuurspan bestaan uit ses lede van die kerkraad en drie vrywilligers uit die seniors wat kom help. Die volgende groot stap is die beplanningsgesprek op **Saterdag 14 Maart** van **08:00 tot 12:00** in die saal. Wie woon by: kerkraadslede, verteenwoordigers uit al die bedieninge, personeel, almal uit die gemeente wat deel wil wees van so 'n gesprek. Die fasiliteringsproses word gelei deur dr Lourens Bosman.

Ons het een vriendelike versoek dat almal wat die geleentheid wil bywoon asb vooraf die kerkkantoor laat weet sodat ons 'n idee het vir hoeveel mense ons moet gereed maak. Ons reël verversings vir die dag en as daar dokumente is wat voorberei moet word, moet ons weet vir hoeveel om voorsiening te maak.

Gemeente finansies - Pieter le Roux

Na elf maande in die 2019/2020 finansiële jaar agter die rug is daar steeds rede tot kommer.
Inkomste vir die tydperk Maart 2019 tot Januarie 2020 is 4.7% of R151 626 minder as begroot. Vergeleke met die vorige jaar is die afwyking ewe-eens negatief met ook 4.7% of R150 506.

Daar is ook nie in die 2019/2020 begroting voorsiening gemaak vir enige verhoging in inkomste nie wat beteken dat ons inkomste jaar op jaar met gemiddeld 5% verminder het.



Maandelikse dankoffers, wat 75% van die inkomste basis verteenwoordig, toon ‘n daling van 7.3% of R182 994, terwyl **kollekte** met 11.5% of R43 624 gedaal het.

Uitgawes vir die elf maande onder oorsig is intoom gehou op 8.1% onder begroting, met die grootste slagoffer die werk van die gemeente se bedieninge. Daar is eenvoudig nie vet in die geldkas nadat personeel, onderhoud van geboue en administratiewe uitgawes betaal is nie. Hierdie uitgawes verteenwoordig tans 88% van die totaal.

Vergeleke met die vorige jaar toon uitgawes ‘n **<u>toename</u>** van 1.2% ten spyte van drastiese stappe om uitgawes te besnoei.



Dit laat ‘n surplus vir die elf maande van R1 099 wat meer as die begrote tekort van R52 607 is.

Vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar was daar ‘n surplus van R186 231.

Dit is dus duidelik dat die wesenlike daling in die inkomste van 4.7% geweldige druk plaas op die vermoë van die gemeente om sy vaste maandelikse verpligtinge na te kom.

<u>MEYERSPARK EIENDOMSDESKUNDIGE</u>
18 JAAR ONDERVINDING VAN EIENDOMS VERKOPE IN AREA. KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS. **STIENIE NAUDE. FAR EIENDOMME**

<u>Aqua Aerobics Klasse</u>
Frangapanistraat, Lamontage
Maandag/Vrydag oggend 08h00 tot 08h45
R500.00 pm x 2 keer ‘n week
R250.00 pm x 1 keer ‘n week
Kontak **Annelize Crafford (084 210 2417)**